

# Esther se Getuienis

*'n Storie oor my lewe en wandel in geloof en gehoorsaamheid in Messias van Israel.*

**Voorwoord:**

Alle eer aan Vader wat my geïnspireer het om my getuienis neer te pen en al die fyn herinderinge wat Hy teruggebring het.

Esther (estherdut@yahoo.com)

**'n Woord aan my (gegee kort voor my eerste oorsese reis) maar belofte wat tot vandag werklik is in my lewe:**

Jou fontein sal nooit opdroog nie sê die HERE. Nooit sal Ek My seëninge van jou weerhou nie. Nooit sal Ek jou vervloek of My goedheid en guns van jou onttrek nie.

Ek sal altyd jou voorsiener en verlosser wees deur dik en dun. Nooit sal Ek van jou vergeet nie.

Vir altyd en ewig sal jy skuil in die skaduwee van die Almagtige. Jy is gewaarborg van My vergifnis.

Ek JESUS sal altyd vir jou by VADER intree. My Engele sal jou altyd omsingel en beskerm.

My Genade sal altyd vir jou genoeg wees. Jy is myne vir ewig. Jou GOD en VADER.

Exodus 23:20

Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereed gemaak het.

**Agtergrond en my redding:**

Ek het op 'n plaas groot geword. Ons was nie ryk nie, maar my ouers het ons goed versorg. Ek is die 3de jongste kind van sewe kinders. Ons was twee dogters en vyf seuns. Toe ek begin werk, het ek geleer om te bid en was soekend. My pa is oorlede toe ek maar 16 jaar was. Ek is getroud toe ek maar 17 jaar en 6 maande was, baie jonk maar ek was gelukkig. Ons het gereeld kerk toe gegaan, oggend en aand op 'n Sondag, maar dit was net GODsdiens. Twee kinders is uit my huwelik gebore, 'n seun en 'n dogter.

Op 42 jaar leeftyd het ek 'n kragtige ontmoeting met GOD gehad in my slaapkamer. Die oggend van 12 Desember 1986. Dis nou 30 jaar gelede.

Ek wou nie meer lewe nie. Ek wou myself skiet. Toe ek voor die kas staan waarin die pistool was het my moed my begewe en ek het omgedraai en by die voetenend van die bed neer geval en gesê : My GOD as U my nie help nie,wil ek nie meer lewe nie. Ek is sondig en skaam om voor U te kom. Ek het verskriklik gehuil. Meteens het 'n vrede oor my gekom en ek het geweet GOD het my aangeraak. Daarna het ek so lig gevoel en soveel vrede gehad en skielik die begeerte om Bybelte lees.

My seun was op daardie stadium in die weermag en sou binne 2 weke huis toe kom na sy opleiding. Hy het later getuig hoe hy onder die sterre op die grens 'n oorgawe gemaak het en JESUS aangeneem het. Hy het gelê en kyk na die sterre, toe hoor hy ; " Was jy maar warm, of was jy maar koud." En besef dit is Openbaring 3:15-16. Maar nou omdat jy lou is sal ek jou uit my mond spuug. Hy het net besef as hy op daardie oomblik sal sterf sou hy nie Hemel toe gaan nie, maar hel toe. Na sy wedergeboorte het hy vir my en sy pa begin bid dat ons ook gered word. VADER het sy gebede verhoor.

**28 Desember 1986: Hatfield kerk.**

Jan de Wet het daardie aand gepreek en sy getuienis gegee hoe hy tot wedergeboorte gekom het. Toe hy vra wie wil vanaand seker maak dat hy of sy gered is, het ek vorentoe gestap en ‘n volle oorgawe gemaak. My dogter ook. Sy het ook haar Hemelse taal ontvang.

My lewe was nooit weer dieselfde nie. Ek was nie net warm nie, maar aan die brand vir JESUS. Ek kon nie ophou Bybel lees nie, en het ‘n vreugde gehad soos nog nooit in my lewe nie. Wanneer daar ‘n byeenkoms was, het ek dit bygewoon.

Drie maande later ontvang ek my Hemelse taal. Net 3 woordjies “ Kie barie shando.”

Wanneer ek Bybel lees, kry ek skrifte wat my laat besef ek moet gedoop word. Nie een skrif praat van ‘n baba doop nie, maar dat jy gedoop moet word as ‘n grootmens.

Maak dissipels van alle nasies en doop hulle. Glo en laat jou doop. Mark 16:16 “Bekeer jou en laat jou doop.” Handelinge 2:37 “Doop is ‘n begrafnis”. Rom 6: 3-4 “Dis nie vir ‘n baba nie”.

Na my doop het ek ‘n volle hemelse taal ontvang, en visioene begin sien.

**Groot wonderwerk uit die Hemel (Kitaar)**

‘n Nuwe lewe het vir my oop gegaan en ek het ook in die gawes van die Heilige Gees beweeg. Dit was die wonderlikste tyd in my lewe. Ek het die krag van die Heilige Gees ervaar en wanneer ek bid, verhoor VADER my. Later het ek mense bedien en getuig van al die wonderwerke wat JESUS gedoen het.

By ‘n groep het ‘n jong man by my kom kniel en gesê : “ Die HERE wil tannie gebruik om musiek instrument te speel”. Maande later kom my buurvroutjie na my met ‘n kitaar en sê sy het langs my by die gereelde samekoms van gelowiges gesit en duidelik gehoor die HERE sê sy moet my leer kitaar speel. Ek sê vir haar : “ ‘n Kitaar? Dis vir jong outjies!”

Sy sê : “VADER het gesê jy gaan kitaar speel”. Sy was ‘n musiek onderwyseres. Sy wys my drie drukke en die lied O Heer my GOD.

Ek kry dit nie reg nie en toe sy loop, sit ek die kitaar op die spaarkamer bed neer en sê : “JESUS, ek dink nie dis vir my nie. Ek kry dit nie reg om te speel nie. Die HERE herinner my aan die jong man se woorde. Maar ek dink hoekom ‘n kitaar?

Woensdag oggend is ons weeklikse samekoms en ek gaan sit in my stoel by die sitkamer venster om te bid voor ek ry. Terwyl ek so sit, hoor ek soos ‘n hoorbare stem wat sê : “Gaan haal die kitaar!” Ek is so verbaas want ek is alleen in die huis. Ek hoor weer : “ Gaan haal die kitaar!” Ek stap na die kamer en toe ek aan die kitaar raak is die krag van die Heilige Gees op my. Ek gaan sit op my stoel en die volgende oomblik speel ek : “Let THERE be glory and honor to JESUS.” Asof ek al jare speel en nie die drie drukke wat die buurvrou my geleer het nie, maar ander drukke. Toe ek klaar is, begin ek lag en toe huil. Ek het toe besef wat het nou gebeur. Op daardie oomblik lui my huisfoon. Toe ek antwoord is dit ‘n broer in JESUS wat sê: “Ek sit hier in my kantoor en die Heilige Gees sê vir my ek moet jou gou bel. “Jy het iets om vir my te vertel.” Ek lag en huil en sê: “My broer, ek het so pas kitaar gespeel, maar dit was nie ek nie.” Ek vertel hom alles. Hy sê: “Prys die HERE, van nou af sal jy ‘n kitaar kan speel.”

Ek ry na ons weeklikse samekoms van gelowiges toe en getuig teenoor almal wat het by die huis gebeur. Die gasvrou staan op en gaan haal haar dogter se kitaar en sê: “Nou speel vir ons dat ons kan sing!” Ek keer en sê: “Nee wag” maar sy sê as dit by die huis gebeur het, gaan dit ook nou gebeur. Ek begin speel die een na die ander lied sonder om te kyk waar ek druk en almal sing saam. Die krag van GOD is op my en my knieë klap teen mekaar asof hulle hande klap. Al die Eer aan ons GOD en VADER vir ‘n wonderwerk uit die HEMEL. Daarna het ek elke Woensdag die sang gelei met kitaar. Dis die eerste GROOTSTE wonderwerk wat in my lewe gebeur het. Later jare het ek my eie groep gelowiges wat byeenkom in my huis gehad.

**<u>My eerste groot wonderwerk in my liggaam.</u>**

My hande was altwee vol swere. Die sig het uit hulle geloop en dit was baie erg pynlik en ongemaklik. Ek moes gedurig salf aansmeer en verbande omdraai en met rubber handskoene werk.

Op daardie tydstip het ek bedags my kleindogter opgepas. Dit was baie moeilik. ‘n Suster in JESUS getuig toe hoe sy nie kon loop nie en sy was baie siek. Iemand het vir haar ‘n gebed gebring om te bid. Na sy die gebed gebid het kon sy weer loop.

Ek het die gebed gelees en besluit ek gaan dit ook in geloof bid. Die aand 10 uur het ek voor VADER gesit en die gebed gebid. Ek het gaan slaap en in die nag wakker geword. Ek het op my rug gelê, maar kon myself in die gees sien waar ek voor die troon op my knieë staan in aanbidding. Ek het GOD nog nooit so aanbid nie. “Heilig, heilig, heilig is U o my GOD en VADER. Ek aanbid U”. Ek skakel die lig aan en sien dis net na 12 in die nag. Die volgende oomblik is ek bewus van altwee my hande, volkome genees. Daar was nie eens ‘n merkie of ‘n rofie nie. My hande was pragtig glad.

Prys die HERE JESUS. Hallelujah!

**<u>Die grootste wonderwerk in my liggaam.</u>**

Die grootste wonderwerk was toe GOD my hele ligaam genees en my ook jonger gemaak het.

Ek was baie siek aan allergieë. My gesig en soms my liggaam was geswel, my lippe het gelyk of hulle opgeblaas is, en enige oomblik kon bars. My oë was poffers. Dit was aaklig. Ek was selfs bang om brood of vrugte te eet.

Een nag het my keel toe geswel. Dit het gevoel of daar 'n bal in my keel was en ek het gesukkel om asem te haal. Ek gaan lê toe op die bed in die spaarkamer en sê: "JESUS, as daar enige sonde in my lewe is waarvoor ek nog nie vergifnis ontvang het nie, vra ek nou vergewe my." Ek het gedink ek gaan sterf want die bal in my keel het net groter geword.

Ek vergewe almal wie my te na gekom het en spreek hulle vry. Toe gee ek myself net oor aan JESUS want ek het gedink nou gaan ek sterf. Die volgende oomblik het my keel oopgegaan en ek kon normaal asem haal. Prys GOD vir Sy genade!!! Ek kon verder slaap. In die oggend kyk ek in die spieël. My gesig was rond geswel en so ook my oë en my lippe. Maar my keel was oop. My buurvrou was 'n suster in die hospitaal en sê wanneer jou keel so toeswel kan jy binne 5 minute sterf. Prys GOD! Al die eer aan Hom dat Hy my lewe gespaar het.

Van tyd tot tyd het ek swelsels aan my gesig of liggaam gehad en moes medikasie neem daarvoor. Een oggend was ek weer so geswel. Ek steek my hand uit na die pille op die rak en hoor: "Wil jy My nie maar vertrou nie?"

Ek trek my hand terug en sê: "Goed HERE, ek wil! "Onmiddelik het die swelsel gegaan en ek het besluit om nooit weer pille te drink nie. Ek het dit weg gespoel in die toilet. 'n Keuse gemaak om JESUS te vertrou vir my genesing.

Op 'n dag bel 'n suster my wie berading doen en sê ek moet kom vir gebed. Sy bid toe dat VADER die versteekte wortel van my probleem sal openbaar. Dat die wortel van die kwaad openbaar word. Ek was nie op daai stadium eers bewus van diep versteekte wortels nie.

Ek sien in die gesig 'n baba van so 2 of 3 maande wat op 'n man se skoot sit en 'n derglike ding vind plaas. Die volgende oomblik kom 'n vrou by die deur in en

sy gryp die baba woedend en baklei met die man. Ek was daai baba en die skok was baie groot vir my en trauma het houvas gekry.

Ook in ‘n gesig gesien hoe ‘n meisie van 5 jaar my jaag met ‘n byl in haar hande. Ek was so 4 of 5 jaar oud en ek het gehardloop en geskree. Terwyl ek in die gees die toneel sien het ek geskree: “Nee! NEE!” Later het my suster bevestig die dogtertjie het my in die agter kop gekap. Dit is waar vrees in my lewe plek gekry het.

Deur innerlike genesing en bevryding is ek verlos van vrees en trauma in my lewe. Dit was die wortel van al my kwale. Ek moes almal van harte vergewe en vryspreek. Ek het so goed gevoel na die gebed. Toe ek daar weg ry het alles om my so mooi gelyk en ek het vrede en vreugde gehad.

By die huis gekom, toe hoor ek: “Gaan kyk in die spieël en neem jou doop foto saam.” Ek het heeltemal verander. Gelyk soos toe ek groot gedoop is op 42 jarige ouderdom en was toe 57 jaar oud. Ek was nie net genees nie, maar het ook jonger geword. HERE sê toe vir my : “ Ek gee jou 15 jaar terug. Jy sal jonger word alhoewel jou jare in getal meer word.”

Dit was ‘n geweldige groot wonderwerk. Al die eer aan GOD my VADER in die naam van JESUS CHRISTUS.

Ek het ‘n groep gelowiges elke Dinsdag in my huis gehad. Die wonderwerk het die vorige week gebeur en die volgende Dinsdag was almal verstom toe hulle my sien oor wat met my gebeur het. ‘n Man het begin bid en gesê : ”My GOD! Ek het verlede week ‘n ou vrou op die bank gesien sit. Nou sien ek ‘n jong vrou.”

Ek was volkome genees. Prys GOD ons VADER van JESUS CHRISTUS.

Ek kon net getuig van GOD se liefde. Sy goedheid en Sy genade. Die een na die ander wonderwerk het gebeur. Nie omdat ek oulik is of meer geloof het as ander nie, dis net uit genade. Ek het net ‘n keuse gemaak om GOD te gehoorsaam in wat Hy van my vra om te doen. Dis nie my wil nie maar Sy wil alleen. Soms maak ek foute, maar VADER sê : “ Ek kyk nie na jou foute nie. Ek kyk na jou gewilligheid om te doen wat Ek vra.” Al wat VADER vra is gehoorsaamheid aan Sy opdrag en gewilligheid. Dis nie altyd maklik nie, maar GOD laat jou nooit in die steek nie. Al kom die voorsiening nie altyd op tyd nie,

dis nooit te laat nie. Ek was al sonder geld in ‘n ander land, maar dan sien ek hoe ABBA VADER se hand op my is en hoe Hy alles vir my laat uitwerk. Een ding het ek geleer. Moenie vrees nie, moenie oorhaastig wees nie, wag op GOD. Rus in Hom. Hy weet waarom Hy dinge toelaat. Hy toets jou ook om te sien of jy waarlik op Hom vertrou. Ek kan ons VADER net al die eer gee vir alles wat Hy al vir my gedoen het. Ek aanbid Hom met my hele hart en het Hom lief en het my hele lewe aan Hom 100% geoffer om Sy wil te doen. Sy genade is vir my genoeg.

**Ek begin skilder.**

My skoondogter het op lap geverf en toe hulle vertrek na Thailand vir sending, gee sy die verf vir my en sê ek moet dit gebruik want dit gaan droog word. Ek lag en sê: "Ag ek kan nie eers 'n blom teken nie, bêre maar die verf."

Op 'n dag bel Tannie Nancy my en sê ek moet kom tee drink. Sy gee my 'n kaartjie met 'n waterwiel wat teen 'n stoor staan en water pomp. Sy sê: "Die HERE sê jy moet dit skilder en vergroot terwyl jy skilder." Ek lag en sê: "Ai Tannie, ek het dit nog nooit gedoen nie." Sy sê toe vir my "Wel, die HERE gaan jou laat skilder."

Ek het begin verf en was verstom om te sien wat ontvou terwyl ek verf. Dit was vreugde en opgewondenheid om te dink ek kon dit regkry. Ek gee weereens die HERE al die eer. Later het ek agter gekom ek verf profeties. Ek het geen klasse gehad om te verf of geweet om verf te meng nie. Die Heilige Gees het my gelei hoe en watter kleure om te meng.

Moet nooit sê ek kan nie! Ons is tot alles in staat deur CHRISTUS wie ons die krag en die wysheid gee. AMEN.

**Meenthuis.**

VADER voorsien aan my 'n meenthuis. Ek het 'n paar stukkies klere gehad en moes 'n slaapsak en kussing leen om in te slaap. Geen bed of meubels gehad nie.

Een oggend bel 'n man my en sê hy en sy vrou gaan verhuis en het meubels wat hulle wil saai. Hy en sy vrou het gebid en altwee het my naam gekry. Hy vra of ek dit kan kom haal. Ek reël met my broer en die dag toe ons dit gaan laai kry ek 'n bed kopstuk, spieëltafel met 'n bankie en twee driekwart beddens met kopstukke. Boonop nog 'n sitkamer stel en 'n klomp breekgoed. Hallelujah. Ons dien 'n GOD en VADER wat voorsien.

'n Tydjie daarna stop 'n bakkie by my huis en 'n jong meisie klop aan die deur en vra of sy die goed kan aflaai. Haar vriendin trek en het gevra weet sy nie waar bly sendelinge waar sy die goed kan saai nie. Sy het my geken en geweet ek het sendelinge in my huis. Ons kry kastrolle, panne en 'n elektriese

braaipan. ‘n Naaldwerkmasjien en ander huis/kombuis goed. Ek kon VADER net Loof en Prys vir Sy goedheid.

Finansies het ook begin inkom en klere.

Dit was die begin van ‘n pad om te leer om in geloof te lewe en in geloof uit te stap en te weet GOD voorsien in alles wat ons nodig het.

Op daardie stadium het ek 5 sendelinge in my huis gehad.  Hulle het nie een ‘n tuiste gehad nie en ek kon hulle by my laat bly. Ons het wonderlike dinge beleef. Hier was 24 uur gebed en soms het hulle gesing en bid tot 3 uur in die oggend.

Wonderwerke het begin gebeur en VADER het voorsien in ons behoeftes. Ons het in geloof geleef en nie een het geld gehad nie, maar ons geloof is versterk deurdat ons gesien het hoe GOD se hand op ons was.

Ons was 3 dames en 3 mans. Hulle was nog jonk en ongetroud. Ek was soos hulle geestelike moeder.

Een dame was vir 3 jaar by my aan huis, die ander een ‘n paar maande. ‘n Jongman 1 jaar, en die ander ongeveer 6 maande.

ABBA VADER het later gewys waar Hy hulle wil hê.

**Kos vermeerder op my tafel**

Ons was met ‘n uitreiking na die Vrystaat en het tuis gegaan by ‘n boer op sy plaas. Toe ons moet terugkom gee hy ons ‘n boerpampoen, massief groot, een man kon hom nie optel nie. Hy gee ook ander groente. Die groente was net vir een of twee kooksels en toe bly net pampoen oor. Iemand anders skenk ons ook net so groot Boerpampoen. Pampoene kom van ander na ons toe. Ons eet Pampoen koekies, pampoen sop en gebraaide pampoen. Ek vra vir VADER : “ Kan ons nie maar ander groente kry nie?”

Ek sien ‘n visioen waar mense met houers in ‘n lang tou staan. Ek staan voor met ‘n houer en gooi iets (olie?) vir elkeen in sy houer. Die ry mense is so baie die agterste mense lyk klein. Ek vra vir VADER wat wys Hy my? Die skrif kom by my op van die weduwee en haar twee seuns.

2 Konings 4:1-7

VADER sê : “ Solank jy die olie gooi sal dit nooit gaan staan nie.” Dit het my geleer saai.

Lukas 6:38

“Gee en vir jou sal gegee word, ‘n goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is sal hulle in julle skoot gee.”

Ek vra vir VADER, stuur vir my die mense. Hy was so getrou en het mense gestuur, so dra ek pampoen gee sê ek: “VADER, ek vra boontjies of wortels of ander groente.” Toe kom ‘n sak patats. Ons het gelag want dis pampoen en patats. Op ‘n dag stap ‘n man in en bring vyf pakke vleis. Verskillende snitte vleise. Al meer kos het na ons toe gekom. Wanneer ons kruideniersware nodig het, het ons ‘n lys gemaak. Die deurklokkie lui en wanneer ons oopmaak is daar inkopiesakke met alles wat ons nodig het. Die gewer het neergesit en klokkie gelui en ons het nooit geweet wie dit was nie.

Op ‘n stadium het my kleindogter by my gekuier. Sy maak toe ‘n lys van goed wat ons nodig het. Bo aan die lys was foelie geskryf. Die oggend met ons gebruiklike samekoms stap ‘n vrou hier in en sê sy was oppad hierheen toe hoor sy dat sy foelie moet saambring. My kleindogter was so opgewonde sy lag en sê : “OUMA!! JESUS het die heel eerste item op die lys vir ons gestuur.” Dit

was ‘n wonderlike getuienis. So het die HERE begin voorsien in al my behoeftes. Aan GOD al die eer, en dank en prys vir alles.

Op ‘n ander geleentheid het ek 6 mense om my tafel gehad. Ons het almal kos in ons borde geskep en begin eet toe ‘n broer met sy 2 seuns hier instap. Daar was net n bietjie kos oor en ek se toe vir die man ek sal brood sny en kyk of ek n blikkie gebakte bone het. Hy begin van die kos in sy bord skep en se SUS!!!! moenie brood sny nie!  Die volgende oomblik vermeerder die kos en hy en sy 2 seuns skep kos in hulle borde. Nadat hulle geskep het is daar nog meer oor as wat in die bakke was. Nog ‘n wonderwerk.  PRYS ABBA!!!! Aan HOM al die EER!!!

**<u>Hartswater - Geloof stap</u>**

Om in geloof uit te stap is om onverskrokke te doen wat GOD jou beveel en nie te twyfel dat Hy vir alles sal sorg nie.

Numeri 23:19

“GOD is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie; of spreek en dit nie waarmaak nie?”

Matteus 6:25

“Daarom sê Ek vir julle : Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul ligaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die ligaam as die klere nie?”

Ek het ‘n droom gehad dat ek met ‘n kwart tenk petrol na Hartswater vertrek. Ek bid en vra VADER wat sê Hy vir my deur die droom? Hy sê: “Pak jou tas en gaan.” Ek pak my tas en kry alles gereed vir die reis. Wat sou ek sien? Die tenk wys net kwart met petrol!!! Ek laai my tas in die motor en hoor die huis foon lui. Toe ek antwoord sê ‘n vrou sy moes al die oggend vir my geld gebring het. “Kan ek dit asseblief by haar kom haal?” Ek sê goed ek kom. Die geld was vir petrol maar nie vir kos of verblyf nie. Ek ry tot in Stilfontein en vra slaap plek by my vriendin se suster, maar haar gastehuis is vol bespreek. Sy stuur my na iemand anders. Die vrou sê ek kan daar slaap, hoef nie dadelik te betaal nie. Toe ek die aand kamer toe gaan om te gaan slaap, kom die gasvrou na my en

sê : “ Die HERE sê ek mag jou nie laat betaal vir die verblyf nie.” Ek loof en prys ABBA want ek het net ‘n paar rand in my beursie.

Oppad na Hartswater begin die stuurwiel erg te ruk. Ek is ver van Hartswater en sê : “ JESUS, nou wat nou?” Die pad is stil en ek bid maar net. My selfoon lui en ‘n broer in JESUS vra my hoe dit gaan. Hy het net gevoel hy moet my bel. Hy bid saam met my en sê ek moet maar net stadig ry.

Ek ry Hartswater in en hou by ‘n motorhawe stil. Vertel vir hulle wat gebeur het, en die eienaar van die motorhawe kom klim agter die stuurwiel in en ons ry. Hy vra my vrae en ek antwoord ek doen sending werk. Hy weet nie wat is fout nie en ons ry terug. Hulle sit die motor op die hyser en kyk of hulle die fout kan kry. ‘n Jong man sê skielik : “ Hier is die fout!!!” Die band is deurgeloop en het ‘n bal uitgestoot. Toe sien hulle altwee voorbande is glad afgeloop en die draad kom al deur. Die eienaar sê vir my dat ek twee nuwe voorbande kort. Ek sê vir hom dat dit sal moet wag want ek het nie nou geld nie. Hy sê vir my : “Tannie, jy kan nie so ry nie. As die band bars kan jy ‘n ongeluk maak.” Hy skree vir die werker: “Bring twee bande!” Ek sê dat hy moet wag ek sal gou kyk of daar geld in my bankrekening gekom het en stap oor die straat. Daar was niks!!! Ai tog. Ek loop terug en ek sê : “Goed sit dit maar op rekening, ek is ‘n paar dae hier, ek sal kom betaal. Intussen terwyl ek wag vir die motor, gesels ek met die werkers. Die motor is klaar en ek klim in om te ry. Het mooi dankie gesê en gegroet. Toe ek agter uit wil ry kom die eienaar aan gehardloop en gee my ‘n lang koevert. Hy sê : “ Tannie, gaan doen die werk van die HERE vir my part ook. Ek is in ‘n voltydse beroep, ek kan nie.” Ek sê toe goed, en baie dankie vir die rekening. Ek het gedink dis in die koevert. Ek hou onder ‘n boom stil om te bid en dankie te sê vir die bande en ook dat ek nou blyplek sal vind. Ek vat die koevert wat op my skoot lê en voel dis swaar. Toe ek dit oopskeur is daar note en silver, tot sente in. Hy moes die kleinkas se geld net so in die koevert gegooi het. Ek seën hom en dank VADER vir die voorsiening. Nou kan ek slaap plek soek!!!

Die motorbande en kontant is aan my geskenk deur die eienaar van Nics Motors Hartswater.

Dit was ‘n geseënde week in Hartswater. Nuwe siele het tot redding gekom, genesings het plaasgevind en ook mense is gedoop. Ek gee ons GOD en VADER al die eer.

**My kleed**

Ek was bekend as die ouma met die jean, T-shirt en tekkies. Met ‘n rugsak waarin ek alles van die winkel op my rug gedra het. Ek het nie ‘n motor op daai stadium gehad nie. My motor was gesteel.

‘n Meisie het in ‘n gesig gesien ek het ‘n stuk turqoise materiaal in my hande en ek draai dit so om lyf (dis nie ‘n rok nie maar ‘n los lap) en ek is vrolik.

Een oggend loop ek na die winkel en my oog val op ‘n klomp verskillende kleure sjirongs. Ek het op daardie stadium nie geweet wat maak mens met dit nie. Later het ander dit aan my verduidelik dat die meisies dit bo oor hulle swemklere of as ‘n romp. Jy bind dit om jou op verskillende maniere. In die winkel hoor ek: “Koop vir jou twee turquiose sjirongs”. Ek het glad nie geweet wat ek met dit moet doen nie. Op ‘n dag haal ek dit uit die laai en vra: “VADER, wat moet ek met dit maak?” Hy wys vir my presies hoe ek dit om my moet drapeer en bind. Hy sê: “Dis jou kleed van nou af.” VADER laat my nog kleure koop en ek begin dit dra. Oral waar ek loop trek my klere die mense na my toe en dan kan ek getuig van JESUS en ander help om ‘n oorgawe te maak en ook bid vir die wie vra vir gebed. Toe ek oorsee vertrek was dit my klere en oral waar ek loop trek die klere die mense na my toe en vra hoekom trek ek so aan. In Turkye, Singapore en Thailand. Dit gee my die geleentheid om te getuig wie JESUS is en wie is die ware GOD. Ek was 3 jaar in Thailand. Ek het by verskillende skole klas gegee, kampe gedoen en selfs onderwysers en skoolhoofde voor klas gegee.

Die einde van die 3de jaar sê VADER ek moet terugkom Suid-Afrika toe en dis tyd vir die bruid. Ek het van daardie tyd af net wit gedra met ‘n sluier of sleep. Terug in Suid-Afrika sê VADER vir my ek gaan deur die land reis met die boodskap van die bruid wie gereed maak vir JESUS se koms. Die Bybel gee geen datum wanneer Hy terugkeer nie, maar wanneer ons die Bybel lees en kyk wat in die wêreld aangaan sien ons duidelik dat ons in die eindtyd in beweeg.

VADER bevestig deur ‘n suster wie my skakel en sê sy moet ‘n groot groep nooi en ek moet kom koordans en die bruid boodskap bring.

Ek het gehoor VADER sê: “Maak jou trou kleed net wit en ‘n lang sluier wat agter jou aan sleep”. Daarna het ek geweet ek moet deur die land reis en die boodskap bring dat die bruid haarself moet voorberei vir die koms van JESUS.

Dit is nou n paar jaar later. Ek dra die kleed elke dag en bring die boodskap. Sommige mense verstaan dit ander nie.Ek doen in gehoorsaamheid net wat JESUS my vra. Dis elkeen se keuse en besluit om in gereedheid te kom. Niemand sal kan sê: “Ek het nie geweet nie”.

**Singapore**

Ek het profesië gehad dat ek oorsee sending werk sou doen. Een oggend word ek wakker uit ‘n droom waar ek om ‘n tafel sit met pastore en ander leiers.

Die een man wat regoor my by die tafel sit sê vir my : “Jy moet R1000 eenkant sit vir ‘n internationale vliegtuig kaartjie.” Ek bid en vra vir VADER dat Hy sal voorsien want ek het dit nie en as die droom van Hom is, dat ek duidelik sal hoor waarheen.

Eendag loop ek na die posbus en kry ‘n brief uit Engeland. Toe ek dit oopmaak is daar Pond in koolpapier toegedraai. Ek neem dit na die bank om Rand uit te ruil. Dis toe op die kop R 1000. Ek kon nie twyfel aan die droom nie. Ek wag om te hoor waarheen. Weereens word ek wakker en sien duidelik in die gees Singapore in ‘n half maan geskryf in hoofletters. VADER bevestig deur ‘n suster dat ek my huis moet ontruim en my tas moet pak. Sy help my om alles in die motorhuis te pak. VADER wys ook wie moet in my huis kom bly.

Ek gaan bespreek my kaartjie na Singapore sonder dat ek die geld het. Dit was Dinsdag. Ek moet die kaartjie Donderdag gaan afhaal. Ons ontruim die huis en maak skoon. Donderdag ry ek om my kaartjie te kry. By die bank gekom, is daar geen geld in my rekening nie. Ek stap na die reisagentskap en vra vir die meisie tot hoelaat het ek tyd om die kaartjie af te haal. Sy antwoord 5nm. Ek sê vir haar : “ JESUS is nooit laat nie” en getuig. ‘n Vrou wat gesit en wag het kom na my en sê in trane: “ Ek het net soos jy in geloof gelewe maar het dit verloor.” En sy huil. Al was dit net vir daardie vrou wat die geld vertraag was. Prys ek JESUS dat Hy haar gehelp het om weer by geloof uit te kom.

Toe ek by die deur uitstap, lui die ou groot selfoon. ‘n Vrou sê sy moet vir my geld in my bank inbetaal die HERE JESUS dring haar om gou te maak. Sy sê vir

my om vir haar ‘n half uur kans te gee. So was ons VADER weereens getrou om te voorsien vir my kaartjie.

Sondagmiddag kom almal my groet. Na hulle weg is het ek R3000 in my beursie. Jy kan nie met so min geld in Singapore wees nie. Dis baie duur en ek het nie eens geweet hoe lank gaan ek daar wees nie. Dit was so wonderlik dat VADER alle vrees by my weggevat het. Ek het net geglo die geld sal inkom soos ek dit benodig.

Ek het ‘n belofte gekry in Genesis 28:15

“En Ek sal met jou wees op jou reis en Ek sal jou oppas en Ek GOD sal jou terug bring na hierdie land. Ek sal jou nooit verlaat nie en Ek sal My belofte aan jou hou”.

In Singapore raak my geld op en weer is daar nie geld in die bank nie. Die laaste dag in die hotel vra ek tot hoe laat kan ek in die kamer bly en hulle sê 12 uur. By ‘n groep het ek ‘n chinese meisie ontmoet. Sy het in haar boekie my naam en die hotel se naam geskryf. Sumerview hotel. Die foon lui langs my bed en toe ek antwoord sê die meisie : “ Auntie Esther, I need you! Don’t say no please don’t say no!”

Ek vra haar wat wil sy my vra en sy sê: ”Auntie Esther please come to my home. I know you will help my mother, my brother and my sister to receive JESUS. You can stay at our home for 5 days. Hotel very expensive, you don’t have to pay us. Please come.”

Ek weet net dis ABBA wat uitkoms gee. Sy kom haal my met ‘n huurmotor en ons ry met die ski train na hulle huis (woonstel). Net die meisie kan Engels praat, haar ma kan groet, haar broer kan so bietjie Engels praat. Die moeder werk bedags en die kinders is nog op skool. Ek maak huis skoon en was skottelgoed en hou my besig. Een oggend wou die seun nie skool toe gaan nie. Hy en sy suster was in die hoërskool. Ek was verkoue weens die lugreëling in die hotel. Ek het op my bed gaan lê. Dit was die seun se kamer. Hy kom sit op ‘n stoel en kyk na my waar ek op die bed lê. Hy sê : “Auntie Esther, I like you.” Ek sê toe: “I like you too.” Hy probeer gesels en toe skielik sê hy: “Auntie Esther, I GOD JESUS.”

Ek het nie geweet hoe gaan ek hom kan help nie. Sy Engels was baie swak en hy verstaan nie alles nie. Ek kon net sê : “Heilige Gees, nou moet U my help.” Ek beduie toe hy moet agter my aan bid. Die woorde kom skeef en krom uit, maar hy gee sy lewe aan JESUS en bid agter my aan. GOD het bo natuurlik gewerk. Hy het so vreugde gehad. Die aand toe sy ma by die huis kom hoor ek net hoe gesels hy in chinees met haar. Die volgende oomblik is hulle by my in die kamer: “My mada want JESUS.” Sjoe!!! Ek sê : “ Dalton, you help mother to pray?” Hy wys met sy kop op en af “Yes”! Ek bid in Engels. Die woorde kom so krom en skeef uit by die moeder en Dalton help eenkant. Ek bid vir die moeder en vra VADER moet help dat sy vol oorgee.

Die meisie studeer bedags en saans werk sy in ‘n restuarant. Sy kom na 12 in die nag by die huis. Ek word wakker en ek hoor net in chinees harde stemme. Die volgende oomblik kom Yvonne die kamer binne en sy huil! Ek vra haar : “What’s wrong? “ Sy sê “Nothing wrong. I thank you. My mother so happy and Dalton tell me you help them receive JESUS. Oh JESUS Thank you. Thank you Auntie Esther.”

Wat ‘n vreugde.

Vrydag oggend in vroeë oggend ure hoor ek: “Vra Yvonne jy wil haar tannie ontmoet.” Ek vra haar en dink, ek gaan haar seker ook moet help om JESUS te aanvaar. Yvonne bel die tannie en sê ons kom. Ons ry met ‘n huurmotor. Die tannie maak die deur oop en kyk my op en af. Ek stel myself voor. Binne sit haar man . Sy vra waar kom ek vandaan en ‘n paar ander vrae. Hulle kan goed Engels praat. Die tannie vra : “ WHERE do you want to go next” Ek sê : “ Well, I would like to go visit my son in Phuket, Thailand. “ Sy kyk na haar man en sê iets in chinees. Sy sê vir my : “We are born again children of GOD and we have to pay for your ticket wHEREver you want to go.” Ek is so opgewonde en vra : “Do you love JESUS?” Hulle sê “YES!!!” Ons het mekaar om die lyf en gee drukkies. Ek getuig wat ek doen en hulle is so opgewonde. Sy vra : “Return ticket? “ Sonder dat ek dink sê ek nee. Haar man bespreek ‘n kaartjie na Thailand vir my en reël alles op sy laptop en selfoon. Hulle neem my na ‘n eetplek en bestel ontbyt. Daarna sê sy: “Gaan terug na Yvonne se huis en pak jou tas. 2nm sal ‘n blou huurmotor jou kom oplaai en lughawe toe neem. Iemand sal jou kaartjie by die huis aflewer. Jy hoef niks te betaal nie.” Weereens voorsien VADER in alles. Prys sy naam. HalleluYAH.

**Thailand.**

Ek vlieg tot in Bangkok en neem ‘n ander vliegtuig na Phuket. Die bietjie Sing Dollar wat ek oorgehou het, gaan ruil ek uit vir Baht. Op Phuket lughawe bel ek my seun en vra of hy my kan kom haal. Hy lag en sê “Ma, ons het net ‘n motorfiets.” Hy sê ek moet ‘n huurmotor kry. Ek het gelukkig ‘n foto gesien van die gebou waarin hulle gewoon het, anders het die huurmotor my die aand by ‘n verkeerde adres afgelaai. Toe ek met my kinders deel wat alles gebeur het, kon hulle nie glo dat ek sonder geld oorsee gekom het nie. Hulle doen al ‘n paar jaar sending werk en elke jaar voorsien die HERE genoeg vir hulle vir ‘n hele jaar. Hulle werk mooi met die geld om ‘n jaar daarmee uit te kom.

Soms werk GOD op ‘n manier wat vir die mens onverstaanbaar is. Ek was by my kinders en het nie geweet dit was deel van GOD se plan nie. Elke einde van die maand moet ek na die grens gaan vir ‘n volgende stempel om in die land te kan bly.

Ek ontmoet die vrou wie die bussie reel om ons na die grens te vat. Ek ontmoet ook ‘n jong man van Suid-Afrika wie op Phi-Phi eiland werk.

Terug by my kinders bid ek vir leiding. Waar wil VADER my hê? Tot op datum het ek nog nie geld in my bank ontvang nie. My dogter het kom kuier in Phuket en my Dollars gegee. Op die mark verloor ek dit. Dit was sleg vir my, maar weereens GOD het ‘n volmaakte plan.

Een oggend hoor ek, “Gaan na Rhawai Beach.” My seun help my om by die Sangtau te kom. Dis ‘n oop bakkie met ‘n dak. Dis hulle vervoer vir die publiek na verskillende plekke. Ek kom by Rhawai Beach aan en loop al met die strand af. Sover ek loop trek ek aandag met die kleed wat ek dra. Mense vra vrae en ek getuig oor JESUS. Die wie nie Engels kan verstaan nie, hoor deur iemand wie tolk. Terwyl ek so loop hoor ek : “Esther draai terug.” Ek sê : “ HERE, ek het nog nie die hele strand gedoen nie.” Maar ek hoor weer “ Draai terug.”

Ek loop terug en die volgende oomblik hoor ek “Estaaa! “ Die vrou wie ek op die bussie ontmoet het is so opgewonde om my te sien. Sy koop vir my ‘n melkskommel en ons gesels by ‘n tafeltjie en stoele op die strand. Sy vra hoe lank is ek in Thailand. Wanneer gaan ek terug? Toe sê sy : “ Jy kan nie al die tyd in Phuket bly nie, jy moet Thailand sien.” Ek sê vir haar : “Nee ek het nie geld

om te toer nie.” Sy is ‘n reisagent en het haar eie besigheid. Terwyl ons daar sit, bel sy haar suster en gee die foon vir my. Haar suster nooi my om by hulle te kom kuier en sê ek hoef nie te betaal nie, solank ek net vir kos bydra is dit reg.

Eve sê sy sal my kaartjie teen kosprys laat kry. Op die ou end bespreek sy die kaartjie tot in Bangkok en daarvandaan na Khonkaen. Ek vra wanneer moet ek betaal en sy sê Saterdag op die lughawe.

**Kranuan**

Ek gaan terug na my seun hulle en vertel vir hulle. Kry my tas gereed, biddend en loof en Prys JESUS dat Hy met my is en vir als sal voorsien. Toe ek by die bank kom, is die geld daar. Hallelujah! Dit was ‘n Vrydag. Die volgende dag vertrek ek na die lughawe en vlieg na Bangkok. Wag op die vlug na Khonkaen. Op Khonkaen lughawe kry ek Eve se suster en haar man en sy lyk net soos haar suster.

Nou moet ek eers vertel. In die gees het ek ‘n meisie gesien met ‘n baie lelike vel, haar gesig was vol puisies, ‘n probleem vel. Ook het VADER my gewys as ek in die huis instap waar ek tuis gaan sit daar ‘n goue Budha op ‘n altaar en vlamme wat heeltyd brand. Dis glas vlamme met ligte wat binne in soos vlamme beweeg. Ai dis alles vreemd vir my, maar VADER is getrou en waarsku my sodat ek nie skrik of vrees nie.

Ons is oppad na Kranuan waar hulle woon.

Langs die pad stop hulle by ‘n skool en die volgende oomblik kom die meisie wie ek in die gees gesien het by die deur uit. Die krag van GOD is onmiddelik op my en ek kan nie twyfel nie. Toe sy in die 4 x 4 inklim sê sy vir my : “You came by faith to this place. GOD send you.” Ek vra vir haar : “Do you love JESUS?!!!! “ Sy sê toe : “No, I am Buddist.” Ek sê vir haar : “GOD show me your face in Phuket and He send me to you.”

Ek getuig oor JESUS en my lewe en vra kan ek vir haar bid. Sy huil en sê asseblief. Die vrou en man voor in die 4x 4 voel die krag van die HERE en vra “ What is this? “ Ek verduidelik dis die krag van die Heilige Gees. Ek bid vir haar en ons laai haar by haar huis af. Sy en haar man is besig om te skei. Ek belowe om aan te hou bid vir haar en ons ruil telefoon nommers uit om kontak te kan

hou. Ek het nie ‘n selfoon gehad nie maar toe my dogter in Thailand was, het sy vir my haar foon met ‘n Thai simkaart as geskenk gegee. Ek was haar baie dankbaar. Mag VADER haar seën vir als wat sy vir my gedoen het en ook vir my seun en skoondogter dat ek by hulle kon tuisgaan in Phuket. Ek seën hulle en vra dat VADER hulle ook seën.

In Suid-Afrika het ek ook in ‘n gesig die plek gesien waar VADER my sou heen stuur. Dit was houthuise op pale en trappe buite langs die huis. Diere onder die huis en baie vuil. Ook ‘n groot rot.Ek het nooit n naam gekry van die plek waarheen ek sou gaan nie, net die visioen.

Toe ons in Kranuan inry, stop die mense met wie ek saamry by ‘n huis en ek sien presies dit wat ek in ‘n gesig gesien het in Suid-Afrika. Ek weet daardie oomblik ek is op die regte plek. Die krag van die Heilige Gees is weer sterk oor my.

Toe ons by hulle eie huis stop, sien ek weereens dit wat ek in die gesig gesien het. Die trappe langs die huis en toe ek in die sitkamer instap, sien ek die Budha beeld en die altaar net soos in die visioen. Ek weet ek is in die wil van GOD.

Een onderwyser kom om my te ontmoet en ek hoor dat die man en sy vrou ook onderwysers is by ‘n baie groot skool. Hulle nooi my uit om die skool Maandag te besoek. Iemand sal my Maandag 10 vm oplaai.

**<u>Skool</u>**

By die skool ontvang hulle my baie vriendelik en die onderwyser wie my kom ontmoet het, kan baie goed Engels praat. Hy neem my van klaskamer, tot klaskamer en die kinders lees in Engels die vrae van die bord af en ek moet antwoord. Ek het nie geweet elke klas het ‘n monitor agter teen die muur nie. Hulle kan alles hoor en sien wat in die klas gebeur. In ‘n saal is daar TVs, ‘n TV vir elke klas, dus word jy dopgehou. In elke klas vra hulle my : “Why are you dressed like this?” Dan sê ek: “This is Esther’s style. Dan vra hulle, “What religion do you have? “ Dan sê ek: “I Worship GOD Almighty who created Heaven and earth, and JESUS CHRIST who died on the cross for the whole world, but who was raised from the dead and is alive.” Dan maak ek my arms wyd oop sodat my ligaam ‘n kruis vorm. Na die tyd kom sê hulle vir my die

skoolhoof wil my sien. Hy vra my om te kom skool hou, al is dit net 2 maande. Hulle kan my nie betaal nie,  maar sal by die kinders geld insamel om my iets te kan gee. Ek sê vir hom ek sal die volgende dag my antwoord gee. Ek bid en vra my dogter om my kaartjie te verleng. Sy en my suster in JESUS probeer, maar kon niks reg kry nie. Die lugredery kan glad nie my kaartjie vind nie. Ek besef net die deur is toe om terug te gaan na Suid – Afrika en sê goed, ek sal kom skool hou.

Toe ek oorsee gegaan het, kon ek myself net help in Engels, ek was baie bang om met mense te praat omdat my Engels swak was. Ek het ook vir die onderwyser gesê ek kan nie goed Engels praat nie, ook vir die skoolhoof. Maar hulle het besluit as ek die kinders net die basiese woorde kan leer, is dit goed. Die skoolhoof se woorde was: “Leer ons wat jy ken”.

Elke keer voor ‘n klas dan bid ek: “Heilige Gees, kom help my asseblief”.  Ek koor dans en voor elke klas vra ek hulle : “Would you like me to sing you a song and dance? “ Dan kom dit uit een mond “YES!!!” Ek sing in tale en loof die HERE. Wanneer ek dan klas gee, praat ek vlot Engels. Die onderwyser sê: “THERE is nothing wrong with your English”. Ek gee die HERE GOD, ons VADER al die eer vir dit wat HY gedoen het. Aan Hom kom al die verheerliking. Ek het vir 3 jaar skool gehou. Baie getuig oor my lewe en was soms verstom om te sien hoe die HERE werk.

**<u>Die Eerste bekeerling</u>**

‘n Onderwyser was die eerste bekeerling.  VADER het hom in sekondes twee keer genees. Daarna het hy besluit om JESUS aan te neem as sy Verlosser en Saligmaker. Hy was so vol vreugde en sy lewe het so verander na sy Wedergeboorte. Elke einde van die maand het hy my na die grens geneem vir ‘n visum stempel en terwyl ons ry, bedien ek die Woord aan hom en ons bid saam. Hy het altyd gelag en gesê : “Esther, you talk a lot when you talk Bible. I cannot fall asleep while driving.” Een keer moet ons weer gaan en die oggend sê VADER: “Neem ‘n bad handoek saam.” Ek deel met hom oor die Doop en oppad terug sê hy : “I want to be baptized. “ Hy vertel hy het as ‘n jong seun by ‘n hotel gewerk, en hulle het ‘n swembad. Hy koop ‘n kort broek en ek weet toe hoekom ek ‘n handdoek moes saam neem. Ek doop hom in die swembad en hy begin in tale spreek. Elke dag wanneer hy ‘n vry klas het, gaan kruip hy

weg om Bybel te kan lees. Dit was ‘n wonderlike tyd, want ek het iemand gehad wie my ondersteun en aanmoedig om te getuig. Hy het my ook altyd met sy motor geneem wanneer ek erens heen moes gaan. En dis dan wanneer ek die Woord met hom deel, en ons saam kan bid. In die klasse het hy vrae op die swartbord geskryf, sodat wanneer die kind my die vraag vra, ek kon getuig en hy tolk as hulle nie verstaan wat ek in Engels sê nie.

Die onderwyser was baie gewild en het vertaal werk gedoen vir Universiteite en skole en ook enige iemand wie iets wou vertaal he. Dit het hy my baie gehelp. Wanneer ek vrae en antwoorde tik om in die klasse te gebruik, en wanneer ek klas gee dan het hy dit vir my vertaal in Thai. So ook my getuienis en ook my gebede. Ook ‘n skrifte boekie wat ek saam gestel het vir die wie JESUS wou aan neem. Ek seën hom en vra VADER om hom ook te sal seën vir alles wat hy vir my gedoen het. Hy, sy vrou en sy dogter was altyd baie behulpsaam. Ek dank VADER vir hulle. Hy het baie in my lewe gesaai, daarom sal hy ook maai.

Lukas 6:38

“Gee en vir jou sal geggee word”.

**My eerste A4 Bybel.**

Ek het oorsee gegaan met ‘n klein Amplified Bybeltjie en net besef ek moet nou Bybels hê vir die mense wie JESUS aan neem. So besluit ek toe om die klein Bybeltjie te fotostateer en te vergroot na A4 grote. Die gedrukte Bybel was dus groot en dik. Almal kon dus lees sonder ‘n bril. Ek het sommer ‘n paar laat maak. Ek kon op daardie stadium geen Thai of Engelse Bybels kry nie.

Veel later kon my seun, wie in Phuket was, my help om vas te stel waar kan ons Thai Bybels kry. Na ek die A4 Bybels laat maak het, kon die wie JESUS aangeneem het begin Bybel lees. ‘n Vriendin van my in Suid Afrika het op ‘n dag vir my Amplified Bybels uit Suid Afrika gestuur. Mag VADER haar seën vir haar liefde en gewilligheid om te help. Toe kon ek vir almal die regte Engelse Bybel gee en nie die vergrote een nie.

Ek gee GOD ons VADER en JESUS CHRISTUS al die eer, lof en dank vir alles wat HY gedoen het. Aan HOM kom al die verheerliking.

AMEN.

**Indier meisie bekeer**

Ek ontmoet ‘n Indier meisie. Sy was ‘n onderwyseres by ‘n laerskool in Kranuan.Sy kon nie baie goed Engels praat nie, en was baie behulpsaam. Een middag kom sy by my kuier. Ek het skrifte vergroot en teen my muur geplak

Hebrew 13:5

“HE GOD Himself has said, I will not in any way fail you. Nor give you up, nor leave you without support. I will not, I will not, I will not in any degree leave you helpless, nor forsake, nor let you down (Relax My hold on you assuredly not” [Joshua 1:5 ] )

6. “So we take comfort and are encouraged and confidently and boldly say. The Lord is my helper : I will not be seized with alarm. I will not fear or dread or be terrified. What can man do to me”.

Sy lees die skrif en vra vir my wat is dit. Ek sê dis uit die Bybel. Sy sê: ” Ek wil dit hê, ek het dit nodig.” Want sy wou Bangkok toe gaan om verder te studeer.

Ek verduidelik toe aan haar dat sy JESUS moet aan neem en as haar verlosser en saligmaker en sy mag dan nie meer Budha aanbid nie en ook nie tempel toe gaan nie.

**Doop in 3 dele**

Sy sê goed. Ek lei haar in gebed na JESUS en sy maak 'n volle oorgawe. Sy kry een van die groot Bybels om te lees. Elke middag na skool kom sy na my kamer, dan leer ek haar uit die Woord. Deel ook met haar die doop skrifte.

Daar is nie baddens in Thai huise nie, net 'n drommetjie met water en 'n plastiese bakkie om water te skep. Een middag kom sy weer na my toe en sê sy wil gedoop word. Ek sê vir haar ons het 'n bad of swembad of 'n groot houer nodig. Ek kan net nie 'n groot bad of houer kry nie.

'n Ander dag loop ek na die onderste mark en toe ek naby hulle huis verby loop, skree sy vir my van die boonste verdieping af : "Esther!!! Come HERE!!!"

Ek gaan na haar en sy sê: "Baptize me now!!! I'm not going to wait, baptize me now!" Ek vra haar wat het sy?

Daar was 'n groot skottel en 'n drommetjie. Ek kry die gedagte, maak die drommetjie en skottel vol water. Ek laat haar in die drommetjie in klim en af sak so laag as wat sy kan. Toe uit die drommetjie en laat haar lê in die skottel. Die water van haar bobene tot by haar nek onder die water. Toe laat ek haar uitklim en vooroor kniel by skottel en druk haar kop onder die water. Ek doop haar in drie dele. Sy kry haar Hemelse taal en het so vreugde. Daar het ek geleer, VADER kyk na die hart en nie na die manier waarop jy gedoop word nie. Ek gaan koop toe vir my ook 'n groot skottel.

Een Saterdag oggend kom 'n Thai meisie na my kamer wie JESUS aangeneem het by die skool. Sy deel met my 'n droom wat sy gehad het. Sy droom die son word swart en dit word donker. Die mense is so vrees bevange, hulle gryp hulle koppe vas en skree. Toe sien sy die maan word bloed.

Ek wys vir haar dit staan in die Bybel. Sy sê ook sy wil gedoop word. Ek doop haar in my kamer ook in drie. Die drommetjie en die skottel. Sy kry ook haar hemelse taal. ABBA VADER het net bonatuurlik gewerk en ek gee HOM al die eer. Baie keer het ek net gestaan en kyk hoe HY die wonderwerk doen.

Nog ‘n Thai meisie kom na my kamer en ontvang ook haar hemelse taal. Sy begin kitaar speel en lei die sang by haar groep. Sy sing ook pragtig in tale.

VADER is ALMAGTIG. Ons eer U. Hallelujah.

**Sien in gesigte**

Na my wedergeboorte begin ek in gesigte sien. Een oggend staan ek op my knieë en bid, skielik sien ek in die gees ‘n gorilla in die kamerdeur staan. Die skrif kom by my op. “Alles wat jy sou bind op aarde sal gebonde wees in die Hemel.”

Ek bid in my gedagte, nie eers hardop nie! “HERE JESUS ek bind hierdie gorilla en vra dat U Engele stuur en hom verwyder.”

Die volgende oomblik sien ek ‘n wit tou om die gorilla draai en hy begin in die rondte draai en lig van die vloer af op en gaan deur die plafon uit.

Daar het ek die krag van gebed ervaar wanneer jy skrif bid en outoriteit neem. Eendag loop ek in die sitkamer en sien ‘n krokodil al agter my aankom. Hy sê vir my : “ Ek is jou god.” Ek sê hardop : “Jy is nie my god nie.”

‘n Vriendin kom by my tee drink en toe sy in die sitkamer kom vra sy vir my watse beeldjie is daar op die TV? Ek sê dis ‘n olifant. Sy sê nee sy sien ‘n krokodil. Die olifant het my man in Swaziland gekoop. Ons voer toe geestelike oorlog en ek gooi die olifant op die teer stukkend. Daarna was die krokodil weg. Soms het ons ornamente in ons huis en dit het ‘n vloek op. Dit gee die bose gees die reg om in jou huis te wees en jou te treiter.

2 Timotheus 2:20

“Maar in ‘n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk. Sommige tot eer, maar ander tot oneer”.

21 “As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy ‘n voorwerp tot eer wees. Geheilig en bruikbaar vir die HERE, toeberei vir elke goeie werk”.

Wees versigtig wat jy koop om in jou huis te sit. Vader wil nie ander gode in die vorm van beelde of simbole by jou hê nie al aanbid jy hulle nie. Dit gaan nie oor jou nie maar oor Hom en Sy Woord. Gebod jy mag nie ander afgode voor

Sy aangesig Hê nie. Die oomblik as jy dit oortree is daar opening vir die magte van duisternis om reg te hê om vloeke te plaas.

Handelinge 19:19

"En verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaar gebring en voor almal verbrand ; en hulle het die woorde daarvan bereken en gevind dat dit vyftigduisend silwerstukke was".

**Kanchana Buri**

Ek getuig alleen sodat U kan sien. G0D werk op 'n manier wat ons nie altyd verstaan nie.

Ek kry 'n boodskap dat ek na Kanchana Buri moet gaan, maar besluit nee, dis te ver en duur. Ek kan nie gaan nie, ek is net 3 maande in Thailand en die tyd is te min.

Ek kry weer die boodskap " Gaan na Kanchana Buri." Ek bid en sê: " HERE JESUS, as dit van U is, sal ek gaan." Ek pak my tas in geloof en wag.

Saterdagoggend 4vm word ek wakker en hoor duidelik ; " Staan op en maak klaar."

Ek dink, "Maar dis 4 uur, die bus trek eers 6 uur weg." Ek hoor weer: "Staan op en maak klaar."

Ek stort en trek aan, kry als gereed en dis net voor 5 uur. Ek hoor: " Gaan trek geld" en hoor die bedrag. Dis nog donker, maar ek stap tot by die kitsbank en trek die geld. Weer hoor ek om na 'n sekere winkel toe te gaan. ( Ek skryf nie name nie want ek het nie toestemming nie.) Ek sê: "HERE, dis so vroeg hulle slaap nog." Maar ek loop daarheen en tot my verbasing is hulle winkel oop en hulle is besig om goed op die sypaadjie uit te pak. Ek vertel vir hulle dat ek na Kachana Buri moet gaan en moet vlieg tot in Bangkok, kan hulle my help om uit te vind of ek 'n kaartjie kan bespreek. Ek sal met die bus 6vm ry tot by Khonkaen en dan vlieg tot in Bangkok.

Die man sê goed, hulle sal op die internet kyk en bespreek, dan gee ek die geld vir hom. Hy probeer, maar kry niks reg nie. Sy vrou probeer ook, maar kom ook nie reg nie. Hulle skakel die lughawe, maar geen antwoord nie.

Die vrou sê vir haar man hy moet my vinnig met sy motor lughawe toe neem en my help om ‘n kaartjie te kry. As daar nie plek is nie kan hy my weer terug bring. Hy sê goed, en vra is ek gereed om te gaan. Ek loop gou terug na my kamer en sluit alles toe en die volgende oomblik stop hy met sy motor om my op te laai. Ons ry lughawe toe in ‘n uur se tyd. Let wel, die bus vertrek 6vm en ry 2 ure tot in Khonkaen dan ry die bus lughawe toe vir nog ‘n half uur??

Toe ons by die lughawe kom, help die man my om vinnig ‘n vliegtuig kaartjie te kry op die enigste vlug die oggend. Mag die HERE GOD daardie egpaar seën vir alles wat hulle al vir my gedoen het.

Ek vlieg tot in Bangkok. Op die lughawe dink ek nou moet ek ‘n huurmotor neem tot by die bussies wat na Kanchana Buri gaan. Ek hoor: “Nee, gaan na Muang Phol oornag in hulle kamers.” Ek sê: “ Maar HERE ek moet dan Kanchana Buri toe gaan en dis duur om in Bangkok te slaap.” Ek hoor weer: “Gaan na Muang Phol mansions.” Goed, VADER ek sal gehoorsaam. Ek kry ‘n huurmotor na Muang Phol. Ek verstaan glad nie hoekom nie, maar ek gaan. Daar gekom, kry ek ‘n uitsig kamer en hoor duidelik: “Jy kan nou uit trek en in die bed klim, slaap en rus.” Dis nou die laaste ding wat ek in gedagte gehad het. Weer is ek maar gehoorsaam, want GOD ons VADER weet beter. Ek slaap heerlik en later gaan stap ek deur die winkels en gesels met mense. Die volgende oggend is Sondag. Ek word net voor 4 vm wakker en hoor weer: “Staan op en maak klaar.” Ek verstaan nie hoekom so vroeg nie, maar tap gou water in die bad. Kyk dis ‘n luuksheid in Thailand om te kan lê in ‘n bad.

Terwyl ek klaarmaak bid ek die heletyd in my hemelse taal. 5vm hoor ek: “Gaan af ondertoe, neem alles saam.”

By die ontvangs sê die man vir my: “ Your taxi is waiting for you!” Die man van die huurmotor vra waarnatoe wil ek heen gaan, en ek sê na die bussies wat na Kanchana Buri gaan. Hy begin my te smeek om my na Kanchana Buri te neem. Hy sê : “ Taxi, one hour. The van take 3 hour.” Ek sê toe nee taxi is te duur. Hy kom af met sy prys en ek hoor duidelik: “Take it”.

Ons ry na Kanchana Buri en hy vra my uit oor my kleredrag en ek begin getuig. Hy sê : “ Man so many foreigners travel my taxi, they tell me about JESUS, but I never try.”

Ek sê vir hom: " Today GOD send me to help you to receive JESUS."

Al was dit net vir daardie een man vir wie ek vroeg moes opstaan en by Muang Phol moes tuisgaan was dit die moeite werd.

Prys JESUS!!!!.

Ek het geleer om te hoor en te gehoorsaam. Nie te twyfel nie, maar net te doen en later te sien dit was in die plan van GOD.

**<u>Reis deur Suid Afrika</u>**

Ek kom terug van Thailand af en VADER se duidelik ek gaan reis. In Suid-Afrika hoor ek presies hoe ek my troukleed moet maak en die sluier. Ek kry bevestiging en ek maak klaar om te vertrek. Ek vra my vriendin om saam met my te reis en ons vertrek met my dogter se ou Mercedes-Benz.

Dit was 'n kosbare tyd. Wanneer ek of sy die naam van die dorp of stad kry kon ons vir mekaar bevestig. Wanneer ek wakker word het ek 'n naam van die plek neergeskryf en wanneer ek vra of sy iets gehoor het, dan was dit dieselfde.

Op 'n stadium het ek in die gees in 'n gesig Esegiel se wiel voor die motor gesien. Die vlamme het so uit die wiel in 'n wiel gekom en die pragtigste kleure . Weerskante was Engele. En ek hoor : "Volg die wiel." Elke keer draai die wiel presies af by die dorp of plek waar ons moet wees. Waar hy stop, stop ons en gebruik VADER ons by mense. So het ons deur die land gereis. Het groepe besoek en ook by winkels mense ontmoet en bedien. Ook gesien hoe 'n vrou uit 'n rolstoel opstaan en loop. Ek gee GOD ons VADER en JESUS CHRISTUS al die eer. Dit was 'n kosbare tyd. Net voor Port Elizabeth het die voorwiel begin lawaai. My vriendin kruip onder die motor in maar sien niks fout nie. Ons bid en die lawaai hou op. In Port Elizabeth kook die motor en stoom kom onder kap uit. Ons gooi water en bid en weereens kan ons ry. Ons besoek 'n gemeente en oral waar ons kom bedien ons die mense.

In Oos-Londen is ons al baie moeg na 3 maande. My vriendin besluit om terug te kom Pretoria toe en ek bly alleen agter. Ek hoor duidelik ek moet deur die Transkei ry na Port Shepstone. Ek wil nie want ek is vrou alleen met 'n ou motor. Maar bly die boodskap kry. Umtata. Ek besluit om te gehoorsaam.

Ek hoor ek moet oorbly in Gonubie……. Ek het nie ‘n idee waar dit is nie. Die opsigter by die woonstel waar ek en my vriendin tuis gegaan het beduie vir my waar dit is en ek ry. Ek soek slaapplek en sien ‘n groot dubbel verdieping huis. Ek kry die gedagte om daar te bly, maar dink nee dit gaan baie duur wees. Ek ry verby en kom by kamers naby die see. Skakel die sel nommer om te hoor wat kos dit. Die vrou beduie my na die adres waar ek kan oornag want hulle werk aan die kamers. Tot my verbasing is die adres presies die huis waar ek die gedagte gekry het om daar tuis te gaan. Ek kon net glimlag. Die eienares is baie vriendelik en vra dadelik “ Is dit jou troudag? Hoekom is jy so aangetrek? “ Ek gee haar die boodskap van die Bruid wat gereed moet maak vir die koms van JESUS. Sy gee die kamer vir my vir ‘n klein bedrag en is opgewonde omdat ek daar tuis gaan. Sy skenk my ‘n hele boks Bybels en traktate en wil net help.VADER stuur mense na my wie ek moet bedien en ek kry ook genoeg gerus.

Een oggend word ek wakker met Umtata. Ek pak my tas, gaan groet en vertrek.

**<u>Vrou alleen deur die Transkei</u>**

Ek arriveer in Umtata en kyk dadelik waar is ‘n gastehuis of ‘n plek waar ek kan oornag. Hou by die petrolpompe stil om petrol in te gooi en vra daar ook waar kan ek gaan slaap. Toe ek uit die motor klim om ‘n draai te loop, hoor ek net hoe die swartmense sê: “Lie lie lie lie”. Hulle dans en is vol vreugde. Wanneer en waar ek ooral kom, begin hulle altyd te dans en sing “Lie lie lie lie” en vinnig met hulle tonge. Ek groet hulle in Suid Sotho en begin ‘n lied sing in Suid Sotho: “Thulela moya waha JESU”. Almal ken die lied al praat hulle Zulu, Xhosa, Pedi of watter ookal. Almal ken die wysie en sing dit in hulle eie taal. Dit was so wonderlik, ek sing in Suid-Sotho en hulle in hulle eie taal. Die mans growwe stemme en die vroue fyn en in verskillende stemme. Ek deel Traktate uit in hulle taal en het ‘n gehoor. Almal kom aan om te hoor en saam te sing. VADER GOD het geweet en JESUS word verheerlik. Halleluja!

Ek ry om plek te soek en hoor : Port Shepstone. Ek het gedink ek gaan in Umtata bedien en oorbly. Wel ek ry verder. Net voor Kokstad begin die regter agterwiel van die Benz weer met ‘n klakgeluid. Dit word al erger en klink soos ‘n trekter. Dis Saterdag middag, nêrens kan iemand my help nie. Wanneer ek ‘n opdraende uitry is daar nie krag nie en kruip die motor stadig tot bo. Ek bid en

vra ‘VADER, wat nou?’. Ek hoor ry tot in Port Shepstone. Eks skakel die intersessors en sê: “Help bid.”

Ek ry 10 ure deur die Transkei. By Port Shepstone hoor ek Umtentweni. Ek was so verbaas.” HERE?? Hoor ek reg? Ja, ry na Umtentweni”.

Dis al donker toe ek daar aankom. Niemand antwoord wanneer ek die klokkie lui nie. Dit was alles in die plan van GOD. Ek ry en hoor by ‘n stop straat , draai links, volgende straat draai regs. My oog val op ‘n bord met telefoon nommers. Ek skakel en hulle maak die hek oop. Ek gee die HERE GOD al die EER.Wanneer Hy ‘n afspraak maak het voorsien HY in alles. Ek word so vriendelik ontvang, kry kos en ‘n borrelbad en word so gasvry behandel. Al was ek moeg, kon ek dadelik mense bedien.

Die volgende oggend hoor ek: “Ry na Margate!” ek dink : “HERE? Met die lawaai wiel?” Die HERE GOD werk op maniere wat soms onverstaanbaar is. Toe ek gereed is om te vertrek keer nog mense my voor ek ek bedien hulle. JESUS het ‘n afspraak met elkeen gehad. Prys SY NAAM!!!

Ek ry na Margate! By eerste motorhawe kan hulle my nie help nie, die 2de een ook nie die 3de een ook nie. Maar VADER werk! HY het afsprake waar HY my laat stop. By die 3de motorhawe, ‘n bandeplek, sê ‘n vrou, nee hulle kan ook nie help nie maar beduie my na ‘n ander garage. Toe ek by die motor terugkom uit die kantoor het die werktuigkundige die wiel afgehaal en ondersoek. Ek sê vir hom nee, hulle sê in die kantoor hulle kan my nie help nie. Hy sê vir my hy werk al jare by die plek en ken als. Daar is nie fout met die wiel nie. Ek gee hom ‘n fooitjie, bedank hom en ry na die motorhawe op die bult.

Toe ek instap kom ‘n man na my en sê: “WOW! Is this your wedding day? “ Ek gee hom die Bruid boodskap en hy is so opgewonde. Hy sê hy het sy lewe en hart aan JESUS gegee in Januarie. Maart maand is hy gedoop en het sy Hemelse Taal ontvang. Hy getuig hy was ‘n Hindu maar sy lewe het so verander vandat hy JESUS aangeneem het. Hy vra waarmee kan hy my help en ek verduidelik aan hom van die wiel wat so lawaai. Hy loop na die Benz en sê “Let’s pray”. Hy lê hande op die Benz, ek ook. Hy sê ek kan ry. As die wiel nog pla kan ek terugkom dan sal hy kyk wat is fout. Hy vertel vir my waar kan ek tuisgaan teen ‘n redelike prys en ek ry. Ek kom agter die wiel is stil. Prys die

HERE! ‘n Baba Christen het gebid en GOD het verhoor in die naam van JESUS. Hallelujah!

Ek kry ‘n plek wat op die see uitkyk vir net R100 ‘n nag. Ontmoet kinders van die HERE daar en hulle ontvang my met soveel liefde. Bring vir my ‘n heerlike bord gekookte kos. Mag VADER hulle seën vir al hulle liefde en alles wat hulle vir my gedoen het. Ek was so verskriklik moeg dat ek net wou slaap en uitrus. Toe ek gerus het, was dit so wonderlik om so oor die see te sit en kyk na die branders , golwe en bote wat verby vaar. Ek kon so lekker by VADER se voete sit en bid, skrif lees en HOM net loof en prys vir Sy genade en liefde en al die guns wat HY vir my by ander gee.

Na ‘n dag se rus kon ek afstap na die strand en mense oral bedien en getuig. Ek stap kaalvoet in die sand en gesels oral met mense, want weereens is dit my kleed wat die mense trek en my ‘n opening gee om teenoor die mense te getuig. Wat wonderlik was is dat ek mense van verskillende dorpe en stede in die land, in Margate ontmoet en kon hulle die Bruid boodskap gee. Ek hoef nie na hulle dorpe te gaan nie. VADER wys my hoe die nuus versprei. Elkeen wie die Bruid boodskap kry, neem die nuus na sy of haar tuisdorp en so gaan die boodskap uit.

Dit was ‘n kosbare tyd en ek gee aan GOD ONS VADER en JESUS CHRISTUS al die EER. AMEN

**<u>Deur die land vir die 2de keer</u>**

Ek het onlangs weer deur die Land gereis. Die keer alleen. ‘n Paar plekke oornag en bedien. Dit was baie koud maar VADER se hand was op my en ek het nie siek geword nie. Oral waar ek bedien het moes mense vergewe en vergifnes vra. Dan het die genesing plaas gevind. Die bruid het onvergewinsgesindheid en bitterheid en baie seer gekry deur die jare.

Sodra hulle van harte vergewe en die mense vryspreek en hulle seën, dan ontvang hulle genesing.

Na ek deur die land gery het bid ek vir mense wie na Israel sou gaan, en ek vra vir VADER wanneer kan ek ook Israel toe gaan.Daardie selfde aand kry ek die uitnodiging om te kan gaan.

Weereens kom ABBA en voorsien in alles!  My vliegtuig kaartjie en verblyf en alles wat nodig was. Wat n wonderlike VADER aanbid ons. Mag VADER die vroutjie wie my geneem het oorvloedig seën vir alles wat sy vir my gedoen het.

*(word vervolg)*